

“Diep-kyk” is ‘n geloofsvisie

Die lesers word daaraan herinner dat God se beloftes nie vir die engele is nie, maar inderdaad vir die gelowiges. Dit lyk egter nie vir die mens altyd asof God se beloftes met die harde werklikheid van die lewe klop nie. In vers 8 stel die skrywer dat God inderdaad alles aan die mens onderwerp het. Dat ons dit nie raaksien nie, is omdat ons “verkeerd kyk”.

Soos op TV dikwels “kyk weer” op die skerm verskyn, moet ons die “kyk weer” in ons lewe toepas. Dit hou in dat jy jou nie teen die harde werklikheid moet blind staar en daarteen vaskyk nie. Kyk daardeur heen. Sien ook God se werklikheid, die eintlike werklikheid raak. Asaf het dit gedoen (Ps 73:7 berym): “Maar nou, hoe anders is dit my! Gods heiligdomme ingelei, straal my ‘n ander ligglans teë ...”

In hierdie Skrifdeel word insigte gegee om ons die harde werklikheid reg te laat sien, om ons die vermoë te gee om dieper te kyk en God ín die werklikheid teenwoordig te sien. Bestudeer die insigte. *Eerste insig:* Ons leef inderdaad in die bedeling van die “kort tydjie” (vs 7). Die harde werklikheid is deel van hierdie bedeling voor die wederkoms van die Here Jesus. Daarna is die “kort tydjie” met al sy pyn en smarte verby. *Tweede insig:* Alles is aan die mens onderwerp, maar ons sien dit net nie (vs 8): “Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie.” Moenie vlak kyk nie. Kyk met insig. *Derde insig:* Ons sien “Jesus met eer en heerlijkheid gekroon” (vs 9). Die harde werklikheid van die lewe is steeds daar, maar as jy diep kyk, sal jy sien dat Jesus Christus in beheer is, ook van die gebeure in elkeen se persoonlike lewe. Hierdie “diep-kyk” is ‘n geloofsvisie. Bid dat die Heilige Gees jou geloofsvisie sal gee en begelei tot “diep-kyk”.

Sing: Psalm 73:1, 7

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)